SIZA Nuus
SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA

Volume 4, Uitgawe 5
Augustus 2016

INHOUD:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die SIZA Program | 1 | Monitering en Evaluasie | 3 |
| SIZA / GRASP Nakoming | 1 | Koolstofvoetspoor Werkswinkels | 5 |
| Die SIZA Platvorm | 2 | | |



## SIZA PROGRAM VORDER GOED

SIZA lidmaatskap brei steeds uit. Teen die einde van Julie 2016 was daar 1426 lede en slegs 220 lede is onaktief op die Platvorm. In die laaste 6 maande was daar 170 nuwe registrasies en 560 lede het hul lidmaatskap hernu. Ons volg steeds die 220 onaktiewe lede op met oproepe, e-posse en fakture. Ons moedig alle onaktiewe lede aan om hul lidmaatskap spoedig te hernu anders sal daardie profiele dormant raak en later verwyder word.

SIZA is op 20 Junie 2016 geregistreer as 'n maatskappy sonder winsoogmerk en ons finansiële bestuur is uitgekontrakteer aan rekenmeesters vanaf 1 Julie 2016. Siende dat SIZA nou geregistreer is, kon ons ook 'n eie bankrekening open. **Let asb. op die nuwe bankbesonderhede wat saam met die toepaslike dokumente/fakture op die Platvorm verskyn.**

## SIZA / GRASP NAKOMING

SIZA het onlangs met GLOBALG.A.P. vergader om te bespreek hoe SIZA se produsente-lede gehelp kan word met nakoming van GRASP-vereistes vir handelaars wat dit veries sonder om oudits te dupliseer. Die oogmerk was om 'n oplossing te vind vir die komende seisoen (2016/17) en 'n proses ooreen te kom vir die periode daarna. Daar is in beginsel ooreengekom dat 'n koppelvlak (*interface*) geskep sal word om data vanaf die SIZA Platvorm na die GLOBALG.A.P. databasis oor te dra. Dit sal dan outomaties voldoen aan handels vereistes en voorkom dat produsente 'n SIZA én 'n GRASP oudit moet ondergaan.



Vir 2016/17 sal SIZA lede se inligting oorgedra word na die GLOBALG.A.P. databasis op versoek van die produsent/uitvoerder. SIZA wag nou dat die tegniese besonderhede van die oordrag deur GLOBALG.A.P. bevestig word. Ons poog om die nodige dokumentasie en aanvanklike stelselontwikkeling teen einde September 2016 afgehandel te hê. SIZA sal vroeg in 2017 werk aan 'n meer permanente oplossig.

# DIE SIZA PLATVORM

Enkele kwessies wat oor die laaste paar maande opgeduik het en verdere aandag verdien, is die volgende:

Hernuwing van SIZA lidmaatskap

Onthou asb. dat jou SIZA lidmaatskap jaarliks hernu moet word op of voor die datum waarop jy vir die heel eerste keer by SIZA geregistreer het. Wannneer jy jou lidmaatskap hernu, moet jy hierdie drie dinge doen:

1. Teken aan by jou profiel en betaal die lidmaatskapfooi. (Onthou asb. dat SIZA se bankbesonderhede verander het.) Stuur asb. die bewys van betaling aan info@siza.co.za.
2. Kopieër jou self assesseringsvraelys (SAQ) van die vorige jaar na jou profiel toe sodat jy jou inligting kan op datum bring, ens.
3. Dien dan die SAQ in sodat SIZA dit kan nagaan en op rekord kan hou. Die *"Submit"* skakel is regs onderaan die bladsy.

Jou profiel sal slegs aktief word wanneer jy hierdie drie stappe afgehandel het.

Oudits

- Wanneer jy gereed is vir 'n oudit en jy wil een skeduleer, het jy die self assesseringsvraelys (SAQ) nodig wat deur SIZA goedgekeur is. **Moet asb. nie 'n oudit reël voordat jy nie jou SAQ aanlyn voltooi en ingedien het vir SIZA se goedkeuring nie.** Indien SIZA nie jou SAQ goedkeur nie, moet jy die nodige aanpassings/korreksies maak en dit weer indien vir goedkeuring.
- Sodra jou SAQ goedgekeur en afgeteken is deur die SIZA kantoor, kan jy voortgaan om 'n oudit te skeduleer. Jy doen dit ook aanlyn op jou profiel. SIZA aanvaar slegs oudits wat aanlyn geskeduleer word. Indien jy nie jou oudit aanlyn skeduleer nie, kan die ouditeur nie jou ouditinligting op die Platvorm laai nie.
- Wanneer jou oudit voltooi is en op die Platvorm verskyn, moet **jy as produsent self sorg dat enige regstellende aksies op die Platvorm gedoen word.** 'n 'Sertifikaat' sal eers uitgereik word wanneer alle regstellende aksies betyds gelaai en afgeteken is deur die sertifiseringsliggaam.
- Maak asb. seker dat enige foto's of geskandeerde dokumente nie groot lêers is nie (maks 1MB) en dat dit maklik gelaai kan word. Die Platvorm kan wel groter lêers hanteer, maar kleiner lêers laai makliker af en gebruik minder data.
- **Let wel: Indien jy nie die regstellende aksies binne die gegewe tyd uitvoer nie, sal jou ouditperiode korter word en sal jy vinnig weer 'n oudit moet ondergaan. Dit is nie koste-effektief nie en ook nie vir jou eie beswil nie – dit sal ook so aangedui word op jou ouditsertifikaat.**
- Indien jy uitstel nodig het om jou regstellende aksies te voltooi, kan jy aanlyn daarvoor aansoek doen op die Platvorm.

Indien jy twyfel oor enigiets of enige vra het, kontak asb. die SIZA kantoor by 086 1111 568 of stuur 'n e-pos aan info@siza.co.za.



# SIZA MONITERING EN EVALUASIE


SIZA is vinnig besig om die multi-sektor entiteit te word wat nog altyd die doelwit was. Ons wil graag hê dat alle landboukomoditeite hulself teenoor arbeidswetgewing moet kan meet. Om dit te doen kan jy registreer op die SIZA webwerf en die self asseseringsvraelys voltooi. Ons huidige lidmaatskap toon die volgende:

| | |
|---|---|
| Sitrus | 453 |
| Sagtevrugte (kern & steen) | 711 |
| Tafeldruiwe | 270 |
| Groente | 38 |
| Aartappels | 10 |
| Blomme | 17 |
| Alternatiewe vrugte | 57 |
| Vleis & suiwel | 4 |

Die SIZA program moniteer nakoming in die volgende gebiede:

- Bestuurstelsels
- Dwangarbeid (indiensneming vrylik gekies)
- Kinderarbeid
- Vryheid van assosiasie
- Diskriminasie, teistering en misbruik
- Gesondheid en veiligheid
- Lone, voordele en indiensnemingsvoorwaardes
- Werksure

SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA




| | Management Systems | Employment Freely Chosen | Child Labour | Freedom of Association | Discrimination, Harassment & Abuse | Health & Safety | Wages, Benefits & Terms of Employment | Working Hours |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 July 2015 - 30 June 2016 | 9,23% | 2,95% | 4,80% | 3,69% | 9,96% | 39,48% | 19,93% | 9,96% |
| 1 July 2014 - 30 June 2015 | 14,37% | 3,31% | 2,32% | 4,37% | 5,17% | 36,95% | 26,29% | 7,22% |
| Western Cape Average | 13,56% | 2,44% | 2,89% | 3,44% | 6,15% | 38,43% | 25,41% | 7,69% |




Nie-nakomingsgradering

Tydens ‘n oudit word alle gevalle van nie-nakoming gegradeer volgens die erns van die bevinding. SIZA pas dan ‘n frekwensiematriks daarop toe wat ‘n risikoprofiel aan die lid toeken.

Nie-nakomings word in die volgende kategorieë verdeel:

- Kritiek
- Groot
- Gering
- Waarnemings
- Aanbevelings




Die SIZA program is ‘n deurlopende verbeteringsproses wat ontwerp is om te verseker dat alle verskaffers van landbouprodukte in Suid-Afrika voldoen aan etiese handelsvereistes. Dit is gebaseer op nakoming van wetgewing. Die oogmerk is dat alle verskaffers hulle daartoe verbind om deurlopend te verbeter op arbeidspraktyke op plase, op ‘n praktiese en omvattende wyse. Dit voorkom onnodige foute en is tot voordeel van beide besighede en honderde duisende werknemers.

SIZA het ook ‘n aantal hulpbronne oor etiese nakoming ontwikkel om ons lede in die praktyk te ondersteun. Al die voltooide beste praktyke en hulpmiddels is op die webwerf beskikbaar vir SIZA lede.



www.siza.co.za

# KOOLSTOFVOETSPOOR WERKSWINKELS

**Het jy geweet …?**

- 'n Volledige koolstofvoetspoorassessering sal jou help om te voldoen aan energieverbruiks-vereistes tydens jou volgende GlobalG.A.P. oudit.
- Jy sal outomaties 'n *B-Gradering vir jou data ontvang indien jy een van ons werkswinkels bygewoon het. (*Hierdie is 'n *sense-checked* koolstofvoetspoorverslag ter waarde van R600.00 - SIZA lede spaar dus R150.00)

Datums vir werkswinkels:

| Datum | Tipe werkswinkel | Plek |
|---|---|---|
| 20 September 2016 | Koolstofvoetspoor | Kroondal |
| 21 September 2016 | *Train-the-trainer* | Kroondal |
| 22 September 2016 | Koolstofvoetspoor | Malelane |
| 26 Oktober 2016 | Koolstofvoetspoor | Citrusdal |
| 1 November 2016 | *Train-the-trainer* | Kirkwood |
| 2 November 2016 | Koolstofvoetspoor | Kirkwood |

Om in te skryf, kontak asb. vir Emarie by 021 854 4568 / emarie@bluenorth.co.za

SIZA
SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA

CRW

CONFRONTING CLIMATE CHANGE
A SOUTH AFRICAN FRUIT & WINE INITIATIVE

